

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Parashah 12: Vayechi (ויחי) – En Hy Het Geleef.

En Jakob het sewentien jaar in Egipteland gelewe, sodat die dae van Jakob, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was. Gen. 47:28.

Torah : Gen. 47:28 tot 50:26.

Haftorah: 1 Kon. 2:1 tot 12.

Hernieude Verbond: Luk 1 :33; Luk. 4:31 tot 5:11; Hand. 7:9 tot 16; Hand. 15:17; Heb. 11:21 tot 22; Open. 5:5.

The value of life lies not in the length of days, but in the use we make of them – Michel de Montaigne.

We make a living by what we get, but we make a life by what we give – Anonymous.

Experience is not what happens to a man; it is what a man does with what happens to him – Aldous Huxley.

Experience is a cruel teacher – first it gives the exam and then the lesson – Anonymous.

Midrash (Torah Bespreking)

Hiermee kom ons dan aan die einde van *B'reisheet* (Genesis), die eerste van die vyf boeke van YHVH se Torah, naamlik van Vader-God se liefdevolle onderrig, instruksies en wysheid in geregtigheid. Ons het gekom aan die einde van die geskiedenis van ons voorvaders, Abraham, Isak en Jakob.

Ons voorvader Abraham is die ewige voorbeeld van 'n lewe van geloof (vertroue) in YHVH se genade en van gehoorsaamheid aan alles wat YHVH beveel het. Hierdie is die fondament waarop 'n verhouding met YHVH gebou moet word. Dit was so in die ou verbond en is steeds so in die hernieude verbond en soos wat dit deur Yeshua Messias bevestig is. Hierdie ewige patroon (gietvorm) word deur die volgende teksverse opgesom en bevestig:

Avram het in יהוה vertrou en Hy het hom dít tot onpartydige opregtheid gereken. Gen. 15:6 – PWL.¹

Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader, Avraham, gesweer het en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het. Gen. 26:3 tot 5 – PWL.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com

Die tweede boek van die Torah, *Sh'mot* (Exodus), is die begin van die onderrig van die nageslag van ons voorvaders, naamlik van YHVH se volk om 'n koninklike priesterdom te wees. Die laaste vier boeke van die Torah is hoofsaaklik YHVH se liefdevolle onderrig in geregtigheid met voorbeelde van hoekom geloof (vertroue) in YHVH en gehoorsaamheid aan Torah noodsaaklik is, asook waarskuwings van die gevolge van ongeloof (wantroue) en ongehoorsaamheid.

Soos voorheen gesê is: Alles wat met Israel van ouds gebeur het, is opgeskrywe as voorbeeld en waarskuwing vir ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:1 tot 11). Dit is in die Skrifte opgeskrywe as lering, vir korreksie, vir rigting en vir onderrig in geregtigheid sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad (2 Tim. 3:16 en 17).

In parashah 1 ([Parashah1Notas.14](#)) het ons geleer dat Genesis (*Bereisheet*) die eerste van die vyf boeke van Moses is en dat dit met *in die begin* te doen het, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van 'n huwelik en huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van YHVH se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was. Hierdie begin is ook die uitkies van 'n volk volgens YHVH se soewereine wil om Sy plan van herstel uit te voer.

In Genesis het ons geleer van YHVH as Skepper-God, maar Exodus is die begin waar ons YHVH gaan leer ken as ons Verbondsgod!

Jakob en Sarah

Hierdie week se parashah, *Vayechi* (En hy het geleef), herinner ons aan parashah 5, *Chayei Sarah* (Sarah se lewe), weens die verband wat tussen die twee parashot bestaan. Beide verwys na die lewe van Jakob en die lewe van Sarah, en tog handel beide parashot eintlik oor die dood van Jakob en die dood van Sarah.

Daar is ook verskeie ander ooreenkomste tussen Jakob en Sarah:

- Sarah is die eerste matriarg van Israel en Jakob die laaste patriarg van Israel.
- Sarah se naam is deur YHVH verander van Sarai na Sarah. So ook het YHVH die naam van Jakob na Israel verander.
- Sarah was die eerste om in die grafkelder van Magpéla begrawe te word, en Jakob was die laaste om daar begrawe te word.²

Behalwe vir hierdie ooreenkomste is daar 'n dieperliggende les wat te leer is deur die lewe van Jakob en Sarah, asook die lewe van al die *tzaddikim* (die regverdiges). Die les is dat hulle almal gelewe het voor hulle gesterf het. Hierdie is 'n so voor die handliggende waarneming dat dit as betekenisloos bekou kan word. En tog, volgens Hebreeuse denke en volgens die Hebreeuse teks beteken dit dat die *tzaddikim* het elke dag voluit gelewe. Daarom verwys Torah nie net na die lewensjare van die *tzaddikim* nie, maar wel na die dae van hulle jare! So lees ons ondermeer die volgende:

Al die dae van Adam, wat hy geleef het, was nege honderd en dertig jaar en hy is dood. Gen. 5:5 –
PWL

Al die dae van Shet was nege honderd en twaalf jaar en hy is dood. Gen. 5:8 – PWL.

Al die dae van Enosh was nege honderd en vyf jaar en hy is dood. Gen. 5:11 – PWL.

Al die dae van Noag was nege honderd en vyftig jaar en hy is dood. Gen. 9:29 – PWL.

² The Kestenbaum Edition Tikkun, Messorah Publication, Pg. 47. Gen. 49:29 tot 32.

Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah. Gen. 23:1 – PWL.

Hierdie is die dae van die lewensjare van Avraham wat hy geleef het: honderd vyf en sewentig jaar. Gen. 25:7 – PWL.

Die dae van Yitz'gag was honderd en tagtig jaar. Yitz'gag het die asem uitgeblaas en is dood en hy is bymekaargemaak by sy volksgenote, oud en vervuld in dae en sy seuns `Esav en Ya'akov het hom begrawe. Gen. 35:28 en 29.

Aan Farao het Jakob gesê:

“Die dae van die jare van my verblyf as besoeker is honderd en dertig jaar. Min in getal en vol boosheid was die dae van my lewensjare en hulle het nie die dae van die lewensjare van my vaders, gedurende die dae van hulle verblyf as besoekers, bereik nie.” Gen. 47:9 – PWL.

In die openingsvers van ons parashah lees ons: *En Jakob het sewentien jaar in Egipteland gelewe, sodat die dae van Jakob, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was (Gen. 47:28).*

Dit beteken dat Jakob selfs buite die Beloofde Land voluit gelewe het! Hy het vir 17 jaar in Egipte gelewe waar Josef vir hom gesorg het. Ons weet ook dat Josef op die ouderdom van sewentien deur sy broers verkoop was. Dus het Jakob vir 17 jaar vir Josef gesorg. Hier sien ons die beginsel van wat jy saai sal jy oes. Die goeie saad wat Jakob in die lewe van Josef gesaai het, het vir die laaste sewentien jaar van Jakob se lewe 'n goeie oes opgelewer.

Dit is ook interessant dat die Hebreuse woord *nitzvah* wat *opreg, regstaande of onkreukbaar* beteken se numeriese waarde (gematria) 147 is³. Hierdie woord word in Hebreeus gespel as *nun* (50), *tzadi* (90), *vet* (2), *hey* (5). Numeries dus $50+90+2+5 = 147!$

Hiermee saam is dit ook interessant om daarop te let dat die Hebreuse woord *tov* wat *goed of goeie* beteken se gematria (numeriese waarde) 17 is. *Tov* word gespel: *Tet, Vav, Vet* en die numeriese waarde van elke letter is: *Tet* (9), *Vav* (6), *Vet* (2) = 17.

Die laaste 17 jaar van Jakob se lewe was dus goeie jare gewees. Jakob het 'n voorbeeldige (*nitzvah* – 'n opregte, onkreukbare en regstaande met YHVH) lewe, asook 'n goeie (*tov*) lewe voor sy nageslag en voor Farao in Egipte gelewe. Al die jare in Egipte, te midde van al die afgodery en versoeking, het Jakob steeds as 'n regverdige (*tzaddik*) voor YHVH gelewe en was daar in al sy materiële behoeftes voorsien!

Jakob se lewe behoort dus vir ons 'n voorbeeld en aanmoediging te wees. Ons lewe op aarde kan vergelyk word met Jakob wat in Egipte gewoon het. Egipte het in al Jakob se materiële behoeftes voorsien, maar kon nie in sy geestelike behoeftes voldoen nie. Daarvoor moes Jakob volgens Torah lewe. Sekerlik was dit vir Jakob, net soos vir ons, 'n uitdaging om te midde van 'n afgodswêreld getrou aan YHVH te bly! Om met volhardende vertroue in YHVH, en om met nougesette gehoorsaamheid aan Torah in 'n goddelose, en dikwels vyandige, wêreld te lewe, is beslis 'n uitdaging! Maar soos Jakob kan ons ook 'n *nitzvah*-lewe en 'n *tov*-lewe voor ons nageslag en in 'n geestelike en morele vervalle wêreld leef.

Ons moet ook onthou dat daar 'n doel was hoekom beide Josef en Jakob na Egipte moes gaan!! So het elkeen van ons ook 'n roeping en 'n doel in hierdie wêreld. Maar ons weet egter ook dat Egipte nie ons eindbestemming is nie, maar wel die Beloofde Land. Net soos Jakob sal ons ook eendag ons voete terugtrek uit hierdie wêreld en by ons volksgenote byeengebring word:

³ Elk van die 22 letters van die Hebreuse alfabet het 'n numeriese waarde. Daarom het elke Hebreuse woord 'n numeriese waarde. Hierdie berekening van die numeriese waarde van 'n woord staan bekend as gematria

Toe Ya'akov klaar bevele aan sy seuns gegee het, het hy sy voete teruggetrek op die bed en sy asem uitgeblaas en hy is by sy volksgenote byeengebring. Gen. 49:33.

MAAR, die moontlikheid bestaan dat Yeshua gaan kom terwyl ons nog hier op aarde, hier in Egipte, lewe!!

Mag ons soos ons voorouers elke dag voluit in vertroue in Yeshua as Messias, en in gehoorsaamheid Vader se Torah, lewe! Mag ons deur die Afgesonder Gees versterk word om die voorbeeld van ons patriarge en matriarge te volg!

Aan die einde van die eerste boek van die Torah getuig ons saam met die hele Israel, en saam met almal wat YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies, die Torah, weekliks bestudeer:

Chazak! Chazak! Ve'nitchazek!

Wees sterk, wees sterk en word versterk!

Bepeins of Bespreek

1. Jakob het aan Faraο gesê: *Die dae van die jare van my vreemdelingskap is honderd en dertig jaar. Min in getal en vol teëspoed was die dae van my lewensjare* (Gen. 47:9). Die grootste gedeelte van Jakob se lewe was vol teenspoed gewees. Daar is egter 'n gesegde wat lui: Hoe jy eindig is belangriker as hoe jy begin! Was dit waar in die lewe van beide Jakob en Josef? Hoe het beide se lewens geëindig? Getuig ons eie lewens hiervan? As wat gaan jy die lewenswedloop voltooi? As regverdige wat die goeie van YHVH ervaar het? As oorwinnaar?

En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee. Open. 2:26.

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. Open. 3:5.

Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam. Open. 3:12.

Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. Open. 3:21.

En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. Open. 12:11.

2. Lees Joh. 10:10. Wat is die belangrikste wat die dief (Satan) wil steel? Jou geestelike lewe of is dit jou geliefdes, jou gesondheid en jou materiële welsyn? Wat is die lewe en oorfloed wat Yeshua ons skenk? Wat is die belangrikste hiervan? Is dit die geestelike of die materiële?
3. Ons word deesdae oorlaai met boodskappe dat 'n gebrek aan voorspoed 'n aanval van Satan is! Hoewel dit waar kan wees, vergeet ons egter dat daar ook 'n anderkant van die munt is soos wat Ps. 66:10 ons leer:

Want U het ons getoets, o God, U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter.

Silwer word gesuiwer van alle onsuiverhede deur vuur. Die silwersmit sal die silwer verhit tot 'n punt waar die onsuiverhede wegbrand, maar sonder dat die silwer beskadig sal word. Hierdie

proses hou die silwersmit fyn dop. Wanneer hy sy spieëlbeeld in die silwer sien, dan weet hy die silwer is gesuiwer. Ons moet nie vergeet nie dat ons Hemelse Vader ook die Silwersmit is!

En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan YHVH in geregtigheid 'n offer sal bring. Mal. 3:3

Vader-God wil ons suiwer tot Hy ook Sy beeld van Yeshua in ons sien. Dit is juis beproewing en verdrukking wat ons stroop van die eie ek en van ons wêreldse gesindheid. Dit is die voorbereidingsproses sodat ons die oorfloed lewe in Messias (Joh. 10:10) deelagtig kan word.

-0-0-0-0-0-0-0-

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.